

# 13

## Wat vra dissipelskap van my?

### ONS DOELWIT

Die jongmense moet begelei word om in hul daaglikse lewe dissipels vir Jesus te wees.

### SPEKIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

Die jongmense moet –

- Bybelstudie doen met tekste wat oor die beginsels van dissipelskap handel;
- in diepte ontdek wat die kern in Jesus se aardse optrede was;
- begryp dat dissipelskap van 'n mens vra om 'n lewende *offer* te wees;
- verstaan wat organiese dissipelskap beteken;
- begryp wat dit beteken om Jesus te volg tot by die kruis;
- verstaan wat die verband is tussen gesinsbediening en dissipelskap;
- verstaan wat belydenis van geloof en dissipelskap met mekaar te make het;
- begryp dat dissipelskap soos bloed is wat altyd in jou are vloei – dit is nie 'n *uniform* wat jy aantrek en uittrek nie; en
- verstaan wat missionale bediening is.

#### Gesindheid

Die jongmense moet –

- bereid wees om dissipels van Jesus te wees; en
- dankbaar wees dat hulle dissipels van Jesus mag wees.

#### Vaardigheid

Die jongmense moet –

- begelei word om in 'n konkrete situasie 'n dissipel vir Jesus te wees;
- begelei word om gesprek te voer oor lewende dissipelskap;
- in staat wees om in enige plek en situasie 'n geleentheid te skep vir dissipelskap; en
- indien moontlik 'n basiese kursus in dissipelskap bywoon.

### EK BREI MY EIE KENNIS UIT

God het in Jesus Christus mens geword en hier op aarde tussen ander mense kom leef,

leer, preek, wonderwerke doen, gelykenisse vertel en in gesprek getree met die Joodse godsdiensteleiers. Vir God se kinders het Hy 'n nuwe verhouding van liefde en genade kom aankondig en gereed gemaak om die dood te oorwin sodat daar ewige lewe kan wees.

### **Wat beteken *dissipel*?**

Die benaming het 'n ryk betekenis wat iets aandui van *indiensopleiding, voorberei word, vakleerling wees, aanhanger wees en lojale volgeling wees*.

### **Jesus roep dissipels**

Net nadat Jesus met sy werk begin het, het Hy 12 mense by sy bediening betrek met die bekende woorde *Volg My!* Met hierdie woorde het Jesus verduidelik wat gebeur wanneer geloof in God 'n lewenswyse word. Om Jesus te volg, is nie maar net *om agter Jesus aan te loop* of 'n woordelike instemming nie, dit vra van 'n mens om die kruis van Christus as 'n nuwe identiteit op te neem en jou hele lewe aan God te wy. Die woord *dissipel* hou verband met die woord *dissipline* wat aandui dat 'n lewe van navolging, toewyding, stiptelikheid en oorgawe geveerg word. Om na te volg, beteken om jou lewensrigting te vind in die voetspore van Jesus en nie n t in die voetspore van jou eie drome en ideale nie.

### **Wat verg dissipelskap van ons?**

Alhoewel ons nie die eerste dissipels van Jesus is nie, roep Hy elke gelowige met dieselfde woorde: *Volg My!* Hierdie roeping vier kinders van die Here reeds met hul doop, al besef hulle dit nog nie eens nie. Voordat ons kon kies of vra, het Hy ons reeds geroep om Hom te volg met ons hele lewe.

Hierdie volgelingskap beteken nie 'n blote nabootsing van Jesus se gedrag en handeling nie. Om in Jesus se voetspore te volg, beteken ook nie om te dink dat ons sy Goddelikheid kan aanneem nie. Om Jesus te volg, beteken om op sy roepstem te antwoord met ons hele lewe. Ons volg Hom van waar ons bewus word van die feit dat Hy ons met sy bloed uit ons sonde en verlorenheid bevry het. As verlostes dra ons die betekenis van sy kruis in ons lewens as 'n bevestiging dat ons die ewige lewe ontvang het. Dit beteken: Omdat ons verlos is van ons sondes en die ewige lewe ontvang het, is dit ons lewensideaal, ons strewe, ons doelwit in die lewe *om te maak soos Jesus sou maak*. So volg ons in sy voetspore, van die dood en uit die dood, tot in die ewige lewe.

### **Praktiese dissipelskap**

Jesus het nie bedoel dat dissipelskap ingewikkeld en onmoontlik moet wees nie. Hy maak dit juis moontlik vir alle gelowiges, oud en jonk, klein en groot, uit alle volke en nasies, om dissipels van Hom te wees. Navolging beteken dat geloof deel word van ons alledaagse lewe, elke dag, op elke plek, in elke verhouding en in alle omstandighede. Dit impliseer dat dissipelskap uiteindelik nie anders as prakties kan wees nie. Wat motiveer 'n mens om dissipel van Jesus te wees? Ons motivering om Jesus te volg, word aangevuur deur ons dankbaarheid vir die verlossing wat Hy uit genade aan ons geskenk het. Ons gaan later in hierdie tema uit Handeling 2 ontdek hoe die gelowiges in die eerste gemeente hul dissipelskap verstaan en uitgeleef het.

### **Dissipels maak dissipels**

Ons het in Aanbieding 7 aandag gegee aan die groot opdrag van Jesus in Matteus 28: 19-20. Daar het ons gehoor hoe een van die vyf werkwoorde van die kerk moet wees om dissipels van mense te maak. Dissipels maak dissipels, en hierdie proses veroorsaak 'n vermeerdering en vermenigvuldiging deur die werking van die Heilige Gees tot by die wederkoms van die Here.

Hierdie maak van dissipels vind plaas in die verhoudings wat ons met ander mense vestig. Ons deel met ander mense die liefde en genade van die Here, en ons getuig oor en bely wat ons van God glo. Ons vier fees oor Jesus se opstanding uit die dood en ons wy die beste van ons lewe aan die bediening van sy liefde en genade.

### **Karaktereienskappe van 'n dissipel**

Die Heilige Gees maak dissipelskap moontlik vir sondige en gebroke mense soos ons. 'n Dissipel van Jesus verstaan dat bekering nie net 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar dat 'n mens daagliks wegdraai van jouself en op God se roepstem antwoord. 'n Dissipel van die Here is opreg en volledig toegewy in voltydse volgelingskap. 'n Dissipel is gretig om soveel moontlik te leer oor die koninkryk van God. 'n Dissipel is ook voltyds besig om na geleenthede te soek om ander dissipels te maak in hul persoonlike lewe, maar ook as deel van die bediening van die gemeente.

### **EK SPRING SELF AAN DIE WERK**

#### **Ek het nodig**

- 'n Bybel.
- Kaarte of papiere waarop die handeling gedruk is soos gelys by IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN vir die groepbyeenkoms hieronder.
- Vir elkeen 'n afskrif van die vraestel op bladsy 143.

### **KOM ONS BEGIN**

Lees die woorde van Gesang 284 en laat een van die jongmense 'n gebed doen.

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.  
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees  
en krag gee deur geloof in U, o Heer.*

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.  
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.  
Laat ware vreugde altyd uit my straal.*

*O Heer, help my om altyd so te leef –  
om ander hoër as myself te ag,  
ja, om lief te hê – ander bo myself –  
en ook eerder te gee as te verwag.*

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
leer my om ook soos U te kan vergeef.  
Maak my bereid om aan myself te sterf,  
dat ander U al meer in my kan sien.*

## WAT WEET EK VAN MY KERK?

### Vul die ontbrekende woorde in.

- My Kerk is belangrik, want ..... het dit nie tot stand gebring nie – ..... het ons uitgekies en ons is sy eiendom.
- Ons Kerk kom al van die Bybel se tyd af toe –
  - die Here vir ..... en ..... gemaak het;
  - Hy vir ..... gekies het om uit hom sy volk, Israel, te bou;
  - Hy uit Israel vir ..... gebore laat word;
  - Jesus ons as sy besitting met sy ..... aan die kruis gekoop het;
  - Jesus sy ..... oor die hele wêreld gestuur het met hierdie goeie nuus;
  - mense hierdie goeie nuus geglo het en ..... gestig het;
  - gemeentes saam die ..... gevorm het.
- Die kerk het afgedwaal en die Here het ..... die kerk laat hervorm.
- Die hervormde kerk het ook na ..... versprei.
- Uit Nederland kom die Hervormde Kerk saam met ..... Afrika toe.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – dit is hoe ons Kerk hier gekom het.
- Omdat ek weet waar my Kerk vandaan kom, gaan ek –
  - .....en ..... voel omdat ek die Here se eiendom is;
  - die verlossing wat ..... vir alle mense gebring het, met almal in my lewe deel;
  - die Here in eredienste .....en sy gemeente laat .....
  - 'n ..... rondom my maak deur met my gesindheid en optrede ander te oortuig hoe lekker en goed dit is om verlos te wees en my medemens te dien.

## IN DIE GROEPBYEENKOMS

### WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Kontroleer of hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) na meer inligting oor die tema gesoek het.
- Neem 'n paar boeke in en lees wat in hulle boeke staan by die vorige aanbieding se RADIKALE DISSIPELSKAP oor die erediens, sonder om te sê uit wie se boek jy lees.
- Onthou om hierdie antwoorde met die predikant te deel.
- Skerp die volgende weer helder en duidelik by hulle in:
  - Ek mag nie dat die erediens vir my 'n dooie, betekenislose ritueel wees nie.
  - Die erediens moet vir my 'n lewende ontmoeting wees waar ek en die Here met mekaar kommunikeer, “gesels” of by mekaar “kuier”.
  - By die erediens ontmoet ek en my medegelowiges mekaar en ons deel in mekaar se lief en leed.
  - Indien dit nie gebeur nie, moet ek die oorsaak daarvan vasstel en daaraan werk.
- Deel die vraestel WAT WEET EK VAN MY KERK? uit.
- Laat hulle dit beantwoord, en gee daarna die regte antwoorde. (Laat elke kind sy of haar eie vraestel kontroleer.)
- My Kerk is belangrik, want mense het dit nie tot stand gebring nie – God het ons uitgekies en ons is sy eiendom.
- Ons Kerk kom al van die Bybel se tyd af toe –
  - die Here vir Adam en Eva gemaak het;
  - Hy vir Abraham gekies het om uit hom sy volk, Israel, te bou;
  - Hy uit Israel vir Jesus gebore laat word;
  - Jesus ons met sy bloed aan die kruis as sy besitting gekoop het;
  - Jesus sy apostels oor die hele wêreld gestuur het met hierdie goeie nuus;
  - mense hierdie goeie nuus geglo en gemeentes gestig het; en
  - gemeentes saam die kerk gevorm het.
- Die kerk het afgedwaal, en die Here het Martin Luther die kerk laat hervorm.
- Die hervormde kerk het ook na Nederland versprei.
- Uit Nederland kom die Hervormde Kerk saam met Jan van Riebeeck Afrika toe.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – dit is hoe ons Kerk hier gekom het.
- Omdat ek weet waarvandaan my Kerk kom, gaan ek –
  - dankbaar en gelukkig voel omdat ek die Here se eiendom is;
  - die verlossing wat Jesus vir alle mense gebring het, met almal in my lewe deel;
  - die Here in eredienste *dien* en sy gemeente laat *blom*; en
  - 'n verskil rondom my maak deur met my gesindheid en optrede ander te oortuig van hoe lekker en goed dit is om verlos te wees en my medemens te dien.

### VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

#### BEGIN SO

- Verduidelik dat julle vandag praat oor dissipelskap en wat die implikasie daarvan vir ons lewens is.
- Indien daar genoeg kinders is, deel in kleiner groepe van twee of drie en laat hulle die volgende vrae beantwoord en bespreek.
- Kom in die groter groep bymekaar, voer gesprek en gee die antwoorde.

- Watter dissipels van Jesus se name kan julle onthou? (*Petrus – Simon, Andreas, Jakobus – die seun van Sebedeus – en sy broer Johannes, Filippus, Bartolomeus, Tomas, Matteus, Jakobus – die seun van Alfeus, Taddeus, Simon die Kanaaneër, en Judas Iskariot. Kyk by Matteus 10 en elders.*)
- Wat weet julle van die dissipels se beroepe en kwalifikasies vóórdad hulle geroep is? (*Hulle was vissermanne, tollenaars... doodgewone mense wat soort van indiensopleiding gehad het.*)
- Het die dissipels 'n kerkgebou of 'n leersentrum gehad waar Jesus hulle geleer het? (*Nee, hulle het van plek tot plek geloop, en Jesus het hulle geleer net waar hulle gekom het.*)
- Watter plekke en omgewings het Jesus gebruik as die klaskamers om sy dissipels te leer oor die koninkryk van God? (*Gewone huise, in die natuur, buite die tempel, in die sinagoge – dit was die latere Jode se aanbiddingsplek – oral en op enige plek.*)
- Watter kenmerke het die dissipels van Jesus gehad waaraan hulle uitgeken kon word as sy dissipels? (*Hulle het Jesus gevolg, na Hom geluister en Hom gehoorsaam, uitgegaan en ander dissipels gaan maak.*)

## **WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?**

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die volgende om hulle met die inhoud vertrou te maak.

### **Wat beteken *dissipel*?**

Die benaming het 'n ryke betekenis wat iets aandui van *indiensopleiding, voorberei word, vakleerling wees, aanhanger wees en lojale volgeling wees.*

### **Jesus roep dissipels**

Om Jesus te volg, is nie maar net *om agter Jesus aan te loop*, of 'n woordelike instemming nie, dit vra van 'n mens om die kruis van Christus as 'n nuwe identiteit op te neem en jou hele lewe aan God te wy. Dit beteken: Omdat ons verlos is van ons sondes en die ewige lewe ontvang het, is dit ons lewensideaal, ons strewe, ons doelwit in die lewe, *om te maak soos Jesus sou maak.*

Die woord *dissipel* hou verband met die woord *dissipline* wat aandui dat 'n lewe van navolging, toewyding, stiptelikheid en oorgawe geverg word. Om na te volg, beteken om jou lewensrigting te vind in die voetspore van Jesus en nie nêr in die voetspore van jou eie drome en ideale nie.

### **Wat verg dissipelskap van ons?**

Alhoewel ons nie die eerste dissipels van Jesus is nie, roep Hy elke gelowige met dieselfde woorde: *Volg My!* Hierdie roeping vier kinders van die Here reeds met hul doop, al besef hulle dit nog nie eens nie. Voordat ons kon kies of vra, het Hy ons reeds geroep om Hom te volg met ons hele lewe.

Omdat ons verlos is van ons sondes en die ewige lewe ontvang het, is dit ons lewensideaal, ons strewe, ons doelwit in die lewe, *om te maak soos Jesus sou maak.*

### **Praktiese dissipelskap**

Navolging beteken dat geloof deel word van ons alledaagse lewe, elke dag, op elke plek, in elke verhouding en in alle omstandighede. Dit impliseer dat dissipelskap uiteindelik nie

anders as prakties kan wees nie. Ons motivering om Jesus te volg, word aangevuur deur ons dankbaarheid vir die verlossing wat Hy uit genade aan ons geskenk het.

### Dissipels maak dissipels

Dissipels maak dissipels, en hierdie proses veroorsaak 'n vermeerdering en vermenigvuldiging deur die werking van die Heilige Gees tot by die wederkoms van die Here. Hierdie maak van dissipels vind plaas in die verhoudings wat ons met ander mense vestig.

### Karaktereienskappe van 'n dissipel

- Die Heilige Gees maak dissipelskap moontlik vir sondige en gebroke mense soos ons.
- 'n Dissipel van Jesus verstaan dat bekering nie net 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar dat 'n mens daaglik wegdraai van jouself en op God se roepstem antwoord.
- 'n Dissipel van die Here is ook opreg en volledig toegewy in voltydse volgelingskap.
- 'n Dissipel is ook gretig om soveel moontlik te leer oor die koninkryk van God.
- 'n Dissipel is ook voltyds besig om na geleenthede te soek om ander dissipels te maak, in ons persoonlike lewe, maar ook as deel van die bediening van die gemeente.

### ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

- Indien moontlik, laat die jongmense nou weer in kleiner groepe van twee of drie saamwerk.
- Laat die groepe die teksgedeeltes in hul Bybels lees en telkens in die regterkantste kolom die *doendinge* of beginsels neerskryf wat hulle in die teksgedeelte raaklees.

Teksgedeelte	Doendinge of beginsels vir en van dissipels wees
Matteus 4: 18-22	Dissipels is deur Jesus <b>geroep</b>
Matteus 7: 24-29	Dissipels <b>luister</b> na Jesus se woorde en <b>doen</b> dit
1 Johannes 4: 16-21	Dissipels <b>bewys liefde</b> aan God en ander mense
Johannes 13: 4-17	Dissipels <b>dien</b> soos wat Jesus gedien het
Romeine 12: 1-2	Dissipels se <b>lewens</b> is volkome <b>aan God gewy</b>
Romeine 8: 12-17	Dissipels word deur die Heilige Gees <b>gelei</b>
Matteus 28: 19	Dissipels <b>maak</b> ander <b>dissipels</b>

- Gebruik die verskillende kleingroepe se terugvoer en lei 'n bespreking aan die hand van bogenoemde beginsels vir dissipelskap. Hoe word jy 'n dissipel van Jesus, en wat word van dissipels verwag?
- Bring korreksies aan waar nodig.

### IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

- Hou in die groot groep 'n dinkskrum en informele debat oor dissipels wees en dissipels maak.
- Gee leiding en laat hulle prakties en kreatief saam 'n oplossing kry vir die volgende vraag:

Watter geleenthede bied die onderstaande aksies of handelinge aan julle om dissipels te wees en dissipels te maak?

- Laat hulle jul gevolgtrekkings in die regterkantste kolom neerskryf. Hou dit kort en saaklik.

<b>Dissipels wees en dissipels maak deur...</b>	<b>Watter geleenthede en uitdagings bestaan hier?</b>
Hulpverlening	Identifiseer nood en behoeftes en verleen hulp, klein of groot. <i>(Hulp het baie fasette soos materiële hulp, terapie, berading, emosionele bystand, logistieke hulp, aanvulling, ondersteuning, ensovoorts.)</i>
Bybelstudie en gebed	Die nood om God te ken en met Hom te kommunikeer, is 'n staande behoefte. <i>(Bybelstudie en 'n gebedsgroep sal hierdie behoefte by lidmate sowel as mense waarheen uitgereik word, kan bevredig. Verskaf Bybels en Bybelstudiemateriaal, reël Bybelstudiegeleenthede, stel Bybels in die nodige tale beskikbaar, sorg vir doelmatige en maklik bereikbare fasiliteite, ensovoorts.)</i>
Verhoudings met ander mense	Dissipelskap vereis betekenisvolle verhoudings. <i>(Skep verhoudingsgroepe deur saam te kuier, saam kerk toe te gaan, saam Bybelstudie te hou, saam 'n uitreikaksie na tehuise vir bejaardes, weeshuise, straatbewoners, ensovoorts, in stand te hou. Doen moeite met die vestiging en koestering van verhoudings met mense en gee so 'n geleentheid vir dissipels wees en dissipels maak. Verhoudings ontwikkel deur belangstelling in en kontak met mekaar.)</i>
Kennis oor die omgewing	Om dissipels te wees en dissipels te maak, vereis behoorlike kennis van die sosio-maatskaplike situasie in 'n omgewing. <i>(Dit is nodig om van omstandighede, probleme, bekommernisse en kulturele agtergrond kennis te neem. Woon sosiale geleenthede, rugbywedstryde, sokkerwedstryde, gesellighede, ensovoorts, by. Lees koerante en loer in by die sosiale media.)</i>
Uitdeel en weggee	God voorsien in al ons behoeftes. <i>(Om 'n dissipel te wees, vereis dat jy uit dankbaarheid die verlengstuk van God se hand moet wees. Om te deel, is 'n bewys dat jy iemand anders aanvaar en dat jy medemenslik is.)</i>
Dienslewering	Jesus het 'n voorbeeld gestel van onvoorwaardelike diens aan medemense. <i>(Dissipels moet dieselfde gaan doen. Alle mense het die een of ander nood wat om hulp roep – identifiseer dit en hanteer dit. Ons moet aan ander doen wat hulle nodig het sonder om iets terug te verwag. Diens is altyd verniet vir die ontvanger. Dienslewering maak lewe moontlik en raak lewens aan.)</i>



Omgee	'n Mens voeg waarde toe tot ander se lewens en wek vertrouwe deur na hul bekommernisse te luister. <i>(Jy skep geleentheid om te ondersteun. Opregte omgee laat mense veilig en waardig voel, en dat hulle iewers behoort.)</i>
Gesprekke	Kommunikasie is die wagwoord! <i>(Kommunikasie is belangrik omdat dit kontak aanhelp en verhoudings vestig waardeur dissipelskap kan plaasvind. Gesprekke leer ons om ander te leer ken, verskille te respekteer en te verstaan hoe mense oor die lewe en geloof dink.)</i>
Luister	Daar is drie geheime vir suksesvol dissipel wees: Luister, luister, luister! <i>(’n Belangrike deel van dissipelskap is om te luister. Deur te luister, leer ken ek iemand se woorde en binneste. Ek verstaan wat hulle werklik nodig het omdat ek ook tussen die lyne “hoor” wat hulle nie sê nie.)</i>
Etes	Alle mense moet gereeld eet. <i>(Saam met etes kom geleenthede vir samewerking en samehorigheid tussen dissipels deur saam waardevol te voel omdat julle in behoeftes voorsien, ontspanne gesprekke voer en nuwe verhoudings bou.)</i>
Tyd	Tyd is die kosbaarste en waardevolste item wat ’n mens vir iemand anders kan gee. <i>(Ons bestee soveel tyd aan onself en ons eie drome en prioriteite. Om tyd aan iemand anders te wy, is ’n belegging in lewe en ’n belydenis dat ons tyd beskou as ’n geleentheid om vir God diensbaar te wees.)</i>

## HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

### RADIKALE DISSIPELSKAP

**Belangrik: Kommunikeer die volgende baie ernstig en sensitief met die jongmense.**

*Die gedeelte wat volg, is baie persoonlik en sensitief. Dit vra diep dink en hart oopmaak. Maak egter beslis behoorlik tyd om die oefening ernstig op te neem. Dit is baie belangrik vir jou persoonlike verhouding met die Here en met almal rondom jou.*

- Laat hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) gaan soek na ander interessante inligting oor die tema.
- Laat hulle met die volgende erediens gaan neerskryf wat hul lewens aangeraak het.
- Laat hulle na die sewe beginsels van dissipelskap by ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET hierbo gaan kyk en neerskryf of hulle voel –
  - dat hulle deur Jesus geroep is om dissipels te wees;
  - hulle kan nie daarop antwoord nie, en wat hulle graag daaraan wil doen;
  - hulle is geroep en nou gaan hulle –
    - luister en doen wat die Here verwag;
    - oral liefde bewys en uitleef;

- dien soos Jesus gedien het;
- hul lewens volkome aan die Here wy;
- hulle deur die Heilige Gees laat lei; en
- van ander mense ook dissipels maak;
- o hulle is nie geroep nie en of iemand hulle daarmee kan help; of
- o hulle is nie geroep nie en wil ook nie geroep wees nie.
- Laat hulle gaan aandui –
  - o hoe hulle voel na hierdie ontmoetingsgeleentheid. *(Ek voel ek het nog nooit regtig geweet wat dit beteken om 'n dissipel van Jesus of 'n kind van God te wees nie. Of: Ek voel dankbaar dat ek nou weet wat die Here Jesus van my verwag, en ek sien uit daarna om 'n dissipel van Hom te gaan wees. Of: Ek voel ek kan nou waardevol gaan wees vir die saak van die Here. Of: Ek voel ek het nou die kennis om ander te help nadat ek vroeër nooit geweet het hoe nie. Of:.....)*
  - o watter praktiese daad hulle gaan doen om hul dissipelskap uit te leef. *(Enigiets wat hulle hulle voorneem, is hier moontlik – om vir iemand wat hulle dink die Here nie ken nie, van die Here te vertel; om iemand wat hulp nodig het, met iets te help; om vriendelik te wees waar hulle dalk altyd ongeskik was; om iemand wat hulle gedink het die slegte kant van die lewe verdien, te gaan ophelp en bemoedig; om iemand om verskoning te gaan vra en te vergewe waar hulle tot nou toe geweier het om dit te doen; om 'n Bybelstudiegroep onder hul maats tot stand te bring; om ander te vra om hul voorbeeld te volg in bogenoemde; ensovoorts.)*

## **BELANGRIK**

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

## **AFSLUITING**

Sluit af met 'n gebed.